COMPLUS

# KLINIEKKOMITEES IN NELSON MANDELABAAI

## WAT HET ONS GELEER?

School of Public Health
Departement Openbare Gesondheid
Isikolo Sempilo Yoluntu
UNIVERSITY OF CAPE TOWN
IYUNIVESITHI YASEKAPA • UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

## INTRODUKSIE

Hierdie studie is deel van 'n groter studie genaamd COMPLUS.

Ons het tussen Junie en Oktober 2024 met kliniekgroepe in Nelson Mandelabaai gepraat. Nie alle klinieke het kliniekkomitees wat goed werk nie.

Ons het met 147 mense van kliniekgroepe gepraat. Altesaam 145 mense het ook 'n paar vrae beantwoord. Van hulle was 100 vroue en 45 mans.

## WAT IS KLINIEKKOMITEES?

'n Groep mense van die gemeenskap wat saam met die kliniek help om besluite te neem

Werk saam met die kliniek en die wyksraadslid om goeie dienste te ondersteun en probleme in die gemeenskap op te los

Volgens die wet moet elke kliniek 'n kliniekkomitee hê

In 2023 is nuwe reëls gemaak wat verduidelik wat kliniekkomitees moet doen. Alle lede moet hierdie reëlsken

## WIE IS DIE LEDE VAN DIE KLINIEKKOMITEE?



Hulle verteenwoordig verskillende groepe in die gemeenskap.
Dit sluit kerke, vrouegroepe, mense met gestremdhede en organisasies in.

Meeste is ouer vroue wat graag hul gemeenskappe wil help.

Ons het gevind dat daar baie min jong mense in die kliniekkomitees was.

R500

Lede gee vrywillig hul tyd om klinieke en gesondheidsprobleme te help oplos. (Hulle kry R500 elke 3 maande om 'n bietjie van hul koste te help dek).

## WAT HET ONS GEVIND DAT KLINIEKKOMITEES DOEN?

Hulle help om die kliniek en die gemeenskap te verbind.

Hulle vertel die kliniekpersoneel van probleme in die gemeenskap.

Hulle deel gesondheidsinligting en help met klagtes.

Hulle help soms wanneer daar 'n krisis by die kliniek is.

Sommige lede help om mense in die wagkamer te bestuur en maak soms skoon, maar dit is nie 'n amptelike rol nie.

> *"EK HOU DAARVAN OM MET MENSE IN DIE GEMEENSKAP TE WERK EN OM VIR MENSE SE WELSTAND TE SORG"*

COMPLUS

# KLINIEKKOMITEES IN NELSON MANDELABAAI

## WAT HET ONS GELEER?


School of Public Health
Departement Openbare Gesondheid
Isikolo Sempilo Yoluntu
UNIVERSITY OF CAPE TOWN
IYUNIVESITHI YASEKAPA • UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD


## WAT ONS UITGEVIND HET

### GROOTSTE PROBLEME

- Dit is moeilik om hulp te kry van die Departement van Gesondheid om probleme op te los
- Baie lede kry hul geld (stipend) laat of glad nie vir maande/jare nie
- Misdaad en veiligheid by klinieke is 'n groot probleem
- Klinieke het nie genoeg spasie en nie genoeg personeel nie
- Nie genoeg opleiding oor die NHI nie

### VERHOUDINGS EN MAG

- Meeste van die komitees het goeie verhoudings met kliniekbestuurders
- Sommige komitees rapporteer nie kliniekbestuurders wat hulle sleg behandel nie
- Lede word soms nie aan die personeel voorgestel nie, en dit veroorsaak spanning
- Lede word verkeerd gesien as mense wat die personeel 'polisieer'

### WAT WEET KOMITEES VAN DIE NHI?

- Net 11% van lede voel hulle verstaan die NHI goed
- Baie mense verstaan nie hoe die NHI gaan werk nie
- Daar is nie vertroue nie oor dinge soos korrupsie, vol klinieke, te min personeel en nie genoeg medisyne nie
- Komitees wil gemeenskappe oor die NHI leer, maar vra vir goeie opleiding om dit te kan doen

## WAT ONS UITGEVIND HET

### STERKPUNTE VAN KOMITEES

- Kliniekkomitee lede gee baie om vir die gemeenskap se welstand en hul klinieke
- Hulle is aktief tydens 'n krisis en word deur hul gemeenskappe vertrou
- Sommige suksesvolle samewerking het gehelp om kliniek geboue te verbeter

### WAT MOET VERANDER?

- Herstel ondersteuning: Begin weer distrik en sub-distrik vergaderings
- Maak die betaling-stelsel beter sodat lede betyds en betroubaar betaal word
- Gee opleiding: Oor rolle, bestuur en die NHI
- Verbeter verteenwoordiging: Kry meer jongmense en mans om by komitees aan te sluit

### WAAROM DIT BELANGRIK IS

- Kliniekkomitees is belangrik om gesondheidsdienste sterker, veiliger en beter te maak
- Om hul werk te ondersteun maak die gemeenskap se stem sterker en help Suid-Afrika om vir die NHI voor te berei

> *"ONS IS DIE "SHOCK ABSORBERS" VIR DIE DEPARTEMENT VAN GESONDHEID"*






FUNDED BY
NIHR | National Institute for Health and Care Research
UK International Development
Partnership | Progress | Prosperity

This research was funded by the NIHR (NIHR150146) using UK international development funding from the UK Government to support global health research.

The views expressed in this publication are those of the author(s) and not necessarily those of the NIHR or the UK government.

# KLINIEKKOMITEES IN NELSON MANDELABAAI

## WAT HET ONS GELEER?

COMPLUS

School of Public Health
Departement Openbare Gesondheid
Isikolo Sempilo Yoluntu

UNIVERSITY OF CAPE TOWN
IYUNIVESITHI YASEKAPA • UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

## VOORSTELLE

### VERDUIDELIK WAT BESTUURDERS SE ROLLE IS

- Bring toesigrolle terug in die reëls.

### MAAK ONDERSTEUNING STERKER

- Maak die betaling-stelsel eenvoudiger.
- Hou elke 3 maande distrik- en sub-distrik vergaderings met verslae en verantwoordelikheid.
- Ondersteun opleiding oor die Oos-Kaap Bestuursbeleid en die NHI sodat mense meer kan leer.

### DINK OOR HOE OM ONGELYKE MAG AAN TE SPREEK

- Dit kan moeilik wees, maar dit is belangrik om oor ongelyke mag te dink en iets daaraan te doen.

> ***"DIT IS BAIE MOEILIK OM DEEL TE NEEM AS ONS NIE SEKER VOEL NIE. MEER AS ENIGIETS HET ONS ONDERRIG NODIG OOR DIE NHI."***

## VOORSTELLE

### VERBETER DEELNAME BY DIE NHI

- Hou werkswinkels om komitees te leer oor die NHI en hulle te help om dit te monitor en te verbeter.
- Werk saam om ’n plan te maak om inligting oor die NHI te deel met sub-distrik forums en kliniekkomitees.

### VERBETER VERTEENWOORDIGING

- Kry meer jongmense en mans om aan kliniekkomitees deel te neem.
- Kry verskillende mense uit die gemeenskap om deel te neem.
- Werk beter saam met gesondheidswerkers in die gemeenskap.







FUNDED BY
NIHR | National Institute for Health and Care Research

UK International Development
Partnership | Progress | Prosperity

This research was funded by the NIHR (NIHR150146) using UK international development funding from the UK Government to support global health research.

The views expressed in this publication are those of the author(s) and not necessarily those of the NIHR or the UK government.